Ons Verhouding met Mekaar

DIE HUISGESIN VAN GOD

DIE HUISGESIN VAN GOD VERSTERK MEKAAR
28 Mei 2006, Ds Freddie Schoeman

[1]Ons is besig om te kyk na die verskillende aspekte van ons verhouding met mekaar. Twee weke terug het ons gekyk na die fondament/basis van ons verhouding met mekaar, nl. GENADE. Die basis word gelê wanneer ons mekaar VERGEWE, wanneer ons in 'n gesindheid van vergifnis mekaar saamleef - wanneer ons mekaar verdra, akkommodeer, geduldig met mekaar is ens.

Verlede week het ons gekyk na die konteks waarbinne ons verhouding met mekaar funksioneer, nl. GEMEENSKAP. Ons het gesien dat wanneer ons mekaar VERSORG, wanneer ons vir mekaar omgee, na mekaar omsien, dan gee ons gestalte aan die waarde van GEMEENSKAP.

[2]Hierdie week kyk ons na die kern van ons verhouding met mekaar, nl. GEBED. Dit is wat 'n geloofsgemeenskap uniek maak, wat ons onderskei van ander soort gemeenskappe. Die kern van 'n geloofsgemeenskap is gebed. Gebed is die manier waarop ons mekaar VERSTERK.

[3]Die tema vanoggend is dus: Die huisgesin van God versterk mekaar.

Gebed is, of behoort te wees, die sentrale saambindende aktiwiteit van 'n geloofsgemeenskap. Ons verhouding met God bind ons aan mekaar. Hoe sterker ons verhouding met God is hoe sterker is ons verhouding met mekaar. Dit is vanuit ons verhouding met God dat ons na mekaar toe beweeg.

Verlede kwartaal, toe ons gefokus het op ons verhouding met God, het ons gesien dat die kern van verhouding met God ook gebed is. Ons het toe gesien hoe belangrik ons persoonlike gebedslewe is.

Vandag fokus ons nie op ons persoonlike individuele verhouding met God nie, nie op ons persoonlike individuele gebedslewe nie, maar op ons gesamentlike aanbidding.

Dit is opmerklik om te sien watter sentrale rol *gesamentlike aanbidding* in die eerste geloofsgemeenskap in Jerusalem gespeel het. [4]Na Jesus se hemelvaart, nog voor die uitstorting van die Heilige Gees lees ons dat die dissipels, asook Jesus se moeder, Maria en nog 'n aantal ander vroue en Jesus se broers bymekaargekom het en [-->]"Hulle het almal eensgesind volhard in gebed ..." (Hand 1:14).

Na die uitstorting van die Gees lees ons van die eerste gemeente ...

[-->]"Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede" (Hand 2:42). [-->]"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom" (Hand 2:46).

Later (Hand 4:24) lees ons dat toe die eerste gemeente in konflik met die Joodse owerheid gekom het, het hulle saamgekom "almal saam tot God gebid" het.

Hoekom gesamentlike gebed? Hoekom is individuele private gebed nie genoeg nie? Wat is die waarde van gesamentlike gebed?

'n Mens sou baie dinge kon noem. Ek wil vanoggend net fokus op een aspek: nl. dat ons deur gesamentlike gebed mekaar VERSTERK.

Ons het almal krag nodig. Die lewe is nie maklik nie. Dis nie maklik om as dissipel van Jesus Christus in die wêreld te lewe nie. Dit is uitputtend, dit is selfs vir baie van ons uitmergelend.

Ons het krag nodig om te kan lewe. Waar kry ons krag? Van God af. Ons moet dus mekaar help en aanmoedig om by God uit te kom op 'n gereelde basis. En die beste - ek wil amper sê die enigste - manier om dit te doen is om op weeklikse (eerste gemeente: daagliks), basis saam God te aanbid.

[5]Kom ons kyk wat sê die Woord van die Here ... [-->]

> [24] *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.*

Ons moet mekaar help om daagliks God se liefde vir mense te wys. Dit vat baie energie om dit te doen en dit is nie altyd maklik om dit te doen nie. Daarom moet ons konstant en gereeld *aangespoor* word. Ons moet gemotiveer word; ons moet geïnspireer word. Wie moet aansporingswerk doen? Mekáár! Ons moet dit vir mekaar doen. Hoe

kan ons mekaar aanspoor? Watter metode kan ons gebruik? Die Woord van die Here gaan voort: [-->]

> [25] *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

Om saam te aanbid, om saam die aangesig van die Here op te soek, om saam die Here te prys, dien as 'n inspirasie vir elkeen van ons. Daarom, wanneer ons wegbly, is dit demotiverend vir die res. Elkeen wat byvoorbeeld vanoggend nie hier is nie maak dat die res van ons net soveel minder gemotiveerd en geïnspireerd is om goeie dade te doen!

[6]Ons woon nie eredienste by in die eerste plek vir onsself nie. [-->]Ons woon eredienste by primêr omdat ons vir die Here lief is en omdat ons Hom wil eer en dien. [-->]In die tweede plek woon ons eredienste by ter wille van mekaar - om mekaar te versterk. Dit hang saam met die samevatting van die wet: jy moet God liefhê met jou hele hart .. en die tweede wat hiermee gelyk staan, jou naaste soos jouself).

As ons op 'n Sondag nie *lus* is om kerk toe te kom nie (te koud / te warm / laat aand gehad / moeg van die week se werk / kwaad vir kerk of ds / verkeerde ds preek vanoggend ... ek praat dus nie van mense wat graag wil kom maar net nie kan nie) - wat sê ons eintlik? Ons sê: ek is nie lus om die Here vanoggend te eer en te dien nie. Ek sê in die tweede plek: ek is nie lus om vanoggend my mede-broers en susters in die geloof te versterk nie - ek is nie lus om hulle vanoggend aan te spoor om goeie dade te doen nie.

BAIE DANKIE vir elkeen wat vanoggend in die kerk is! Moenie onnodig skuldig voel nie! Die meeste van die van u wat vanoggend hier is, is omtrent elke Sondag hier (of met die tweede diens).

(Ek wil nie mense wat vanoggend nie hier is veroordeel of slegmaak nie. Daar is regtig baie goeie redes waarom baie van hulle nie hier is nie.)

Ek wil dit egter baie sterk beklemtoon dat die bywoning van 'n erediens - gesamentlike aanbidding 'n ernstige saak is. Dit is nie maar net 'n opsionele aktiwiteit nie. Vir elke gelowige behoort dit 'n prioriteitsaak te wees.

---ooo---000---ooo---

Benewens gesamentlike aanbidding is daar nog 'n manier ons mekaar deur gebed versterk, en dit is deur voorbidding - om mekaar voor die troon van die Here te bring. Dit is 'n onskatbare waardevolle dienswerk aan mekaar. In Openbaring 5 lees ons van die 24 ouderlinge rondom die troon van die Here wat elkeen 'n goue bak gehad - in die bak was wierook, wat die gebede van die gelowiges.

Om vir mekaar te bid het ontsaglik baie waarde. Daarom begin ons vandag met 'n voorbiddingsbediening.

* Voorbiddingspan
* Gebedsvennote
* Gebede deur leraar